ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Desember /December 2019



# KERSBOODSKAP / CHRISTMAS MESSAGE

Wanneer ons die einde van 2019 nader, is dit met 'n mate van tevredenheid dat ons kan terugkyk na 'n jaar vol uitdagings, maar tog ook met 'n positiewe gesindheid.

Die tyd het aangebreek om tot stilstand te kom en van die jaar se spanning ontslae te raak. Dit is ook die tyd om saam met geliefdes die geboorte van die Kind wat die wêreld verander het, te vier.

Om geld op iemand te spandeer is goed, maar om tyd saam met hulle te spandeer, is baie beter. Die gees van Kersfees is om ander te help – 'n tyd om te gee en te vergewe. Sal dit nie wonderlik wees as ons meer hiervan deur die jaar beleef nie.

"Christmas is the spirit of giving without a thought of getting. It is happiness because we see joy in people. It is forgetting self and finding time for others. It is discarding the meaningless and stressing the true values."
*—Thomas S. Monson*

My wens is dat elke inwoner van die Landgoed hierdie tyd sal gebruik om uit te reik na hulle rondom jou, wat baie eensaam is.

Ons dink ook aan hulle wat geliefdes die afgelope jaar deur die dood afgestaan het - mag julle vertroosting vind.

***Beste wense vir die Feesgety.***

As we approach the end of 2019, it is with a sense of satisfaction that we can look back on a year that has in many respects been challenging, but also with a positive attitude.

The time has come to pause and get rid of the year's stress. This is also the time when, together with loved ones, we can celebrate the birth of the Child who has changed the world.

Spending money on someone is nice, but spending time with them is nicer. The Christmas spirit is all about helping others - a time to give and to forgive. Wouldn't it be great if we had more of that all year round?

"Christmas is the spirit of giving without a thought of getting. It is happiness because we see joy in people. It is forgetting self and finding time for others. It is discarding the meaningless and stressing the true values."
*—Thomas S. Monson*

My wish is that every resident of the Estate will use this time to extend a hand of friendship to those around you, who are lonely. Our thoughts are with those who have lost loved ones during the past year - may you find comfort.

***Best wishes for the Festive Season.***

Hansie Marais
Algemene Bestuurder/General Manager



# LANDGOED 4 JAAR OUD
## OP 1 NOVEMBER 2019!

So baie het die afgelope vier jaar gebeur.

***BESTUUR :*** CSI Bestuur doen 'n uitstekende werk met die dag-tot-dag bestuur van die landgoed en oplossing van probleme en klagtes. Baie dankie aan Hansie Marais en sy span: Chantelle, Carrie-Ann, David en Mike.

***SOSIAAL: Verskeie geleenthede is gereel*** om ons Landgoed op te kikker, vrolik, lekker en "on the move" te hou! 'n Mandjie dans is op 25 September 2019 met groot sukses gehou en die jaarafsluiting op 13 November 2019. Die kermis van 24 Augustus 2019 het 'n wins van R7917 opgelewer.

-Cupcakes of Hope op 31 Oktober is ruim ondersteun deur die inwoners en 'n bedrag van R11 000 kon inbetaal word vir die Kinders met Kanker-projek.

Die klubhuis word fluks gebruik deur verskeie groepe en kan ook bespreek word vir privaat funksies by ontvangs.

Almal word aangemoedig om deel te neem aan die sosiale aktiwiteite op die Landgoed. Onthou:'***n Gesonde gees huisves 'n gesonde liggaam.***

***VERSORGINGSEENHEID:*** LaVie Care@Elmed is al 3 jaar hier bedrywig. Louise en haar span sien met deernis en toewyding om na ons inwoners Dankie ook vir die funksies en verskeie spesiale geleenthede wat deur die jaar gereel is.

***RESTAURANT: Kingdom Caterers lewer al vir 2 jaar uitstekende diens en verskaf heerlike etes.***

***MAATSKAPLIK:*** Elke tweede Sondag word eredienste deur die verskillende Kerke se Leraars in die saal gelewer. Een week in Engels en een week in Afrikaans. Die maatskaplike dame, Susan Swiegers ondersteun nog steed van die inwoners op ons Landgoed en indien u haar hulp benodig, kontak die bestuurder.

***FASILITEITE:*** Ons kan net rondom ons kyk na die pragtige tuine om te sien dat die inwoners lief is vir hulle plante. Onthou net, die tuindienste word gelewer deur 'n onafhanklike kontrakteur. Opdragte wat aan die tuinwerkers gegee word, word slégs deur die kontrakteur self gedoen.

Rondom die woonstelle is die smal grasstroke vervang met plaveisel, wat modder en klippies opskiet deur grassnyers, uitskakel.

***KOMMUNIKASIE:*** Ons Eldie nuusbrief bly 'n uitstekende bron van kommunikasie! Dankie aan al die blok- en gangleiers wat getrou verseker dat al die inwoners hulle Eldie ontvang. Hou vol met die straattees, ontbyte en ander aktiwiteite. Gebruik ook die kassie voor by Ontvangs vir nuus en insette.

***DIE PAD VORENTOE:*** Mag die komende jaar vol uitdagings en geleenthede vir die Landgoed wees.

Raak betrokke by aktiwiteite en gooi u ervaring en gewig in by die verskillende portefeuljes se komitees. Kom ons vat hande en maak van ons Landgoed nog 'n groter sukses.

Mag ons Landgoed en al sy inwoners steeds in oorvloed die seën van Ons Hemelse Vader geniet.

Wilma van den Berg : Voorsitter Eldoraigne Aftreelandgoed Huiseienaarvereniging.

# OUR ESTATE'S 4TH BIRTHDAY ON 1 NOVEMBER 2019!

***FINANCE:*** The director of Finance, Johan Alberts, after thorough negotiations, which took more than a year, managed to obtain reasonable affordable insurance for subsidence. This insurance will of course have an impact on the levies, as explained during the annual general meeting on 14 August 2019.

***INFRASTRUCTURE:*** We experienced a subsidence in Riethaan Street with slight damage to infrastructure early in the year. Together with experts, like a Geologist, and Civil Engineer, rehabilitation was done. In consultation with them, a Dolomite Risk Management Programme was established. The following measures were immediately implemented:

(a) Permanent water flow consumer meter that monitors 24/7 for possible leaks;

(b) Preventative horticultural/development and layout. These preventative measures are essential and must comply with the guidelines and requirements of the Dolomite Risk Management Programme so that subsequent costs and incidents may be avoided;

(c) Regular camera inspections of the storm water pipes;

(d) Regular physical inspections of the estate structure by civil engineers;

(e) Awareness of residents to report road and soil disorders, of streets in the estate.

- New bookshelves in the library assisted with resident's reading pleasure. Thanks to Christa for her hard work.
- Solar panels were installed on the roofs of the apartments to assist the Estate with the electricity bill for the communal areas.
- A report from one of the residents, Mr Eddie Otte, a Civil Engineer, regarding the unevenness of the estates roads was referred to the Developer. Management is currently negotiating with the Developer.

***SAFETY AND SECURITY***: The safety and security of our residents is TOP PRIORITY. Bidvest Protea Coin and CSI Management ensure that all written rules are always applied. We know it may sometimes be inconvenient and frustrating to visitors, but this ensures that we can live in safety, peace and harmony on our estate. Participation during the training sessions did not live up to expectation. Only a few of the units are equipped with Fire Extinguisher's and Fire Blankets.

Due to the high density population of our estate, it is imperative that each unit is adequately equipped in the case of fire. not only for our own safety, but also the safety of our neighbours and other residents.

A new coloured Emergency Evacuation Plan has been prepared and approved by the Tshwane Municipality and distributed with the September 2019 Eldie Newsletter.

Evacuation procedures were also implemented throughout the apartment block and the collection points were identified. Each emergency staircase in the apartment block is equipped with an Evacu Chair to help evacuate residents who cannot move freely.

For the convenience of visitors to our estate, Chromadek boards with the unit numbers are mounted beneath street nameboards.





# SLUITINGSTYE GEDURENDE DESEMBER 2019

**Ontvangs sal soos volg gesluit wees:**

- Sluit om 12h00 op 24 Desember
- Sluit om 13h00 op 23, 27, 30 en 31 Desember
- Gesluit op 21 en 28 Desember (Saterdae)
- Die restaurant sal op Kersdag en Nuwejaarsdag gesluit wees.

## ELDIE NUUS

- Die nuusbrief sal nie begin Januarie 2020 verskyn nie, maar wel weer vanaf begin Februarie.
- Die redaksie bedank almal wat bydraes gelewer het tot die nuusbrief; daarsonder sou ons nie elke maand 8 bladsye kon vol maak nie.
- Ons soek dringend na 'n blokleier in blok 10 –hoofsaaklik vir Valkstraat.
- Indien daar nie 'n vrywillige blokleier na vore kom in vakante blokke nie, sal die nuusbriewe vir daardie blok in die poshokkies geplaas word.
- Baie dankie aan die blokleiers wat so getrou elke maand die nuusbriewe uitdeel.

## ASSISTANCE

If residents need assistance or information on **MOBILITY SCOOTERS, GARAGEDOOR REMOTE CONTROLS** and batteries or **START-CHARGING** of vehicles, **please contact**

# 012 007 1844 or 3141